# GEBRUIK L(OË)GIKA

## in ekstensiewe veeboerdery





**Ekstensiewe veeboere verkeer tans onder enorme algemene en ekonomiese druk weens verskeie faktore, maar veral weens swak winsgewendheid. Min kan gedoen word aan die stygende koste van insette en swak markpryse vir natuurlike vesel en vleis. Dit laat die veeboer met geen ander uitweg nie as om produksiedoeltreffendheid te verbeter. Hier kan fyn waarneming 'n groot rol speel. Dit behels die doeltreffende aanwending van hulpbronne soos natuurlike weiding en ander voerbronne, strategiese toewysing van beskikbare kontantvloei, die beperking van verliese, en goed ingeligte besluitneming. Maar dan ook gereelde visuele evaluering van jou kudde en jou veld ...**

**deur**
Alheit du Toit

## MINDER TYD = MINDER BEHEER

Hoewel dit soms 'n ongemaklike waarheid is, is dit 'n realiteit dat die gemiddelde veeboer se boerdery met verloop van tyd noodgedwonge groter geword het – skaalekonomie beteken dat vaste insetkoste meer doeltreffend oor groter getalle diere versprei word. Veetroppe word ook al groter om verskeie redes. Verder het die meeste veeboere se arbeidsmag verklein in verhouding tot die aantal diere in 'n poging om meer kostedoeltreffend te boer, en minder mense moet dus meer doen en waarneem. Daar moet dus meer staatgemaak word op ander mense, asook delegering in teenstelling met eerstehandse betrokkenheid.

Daarmee saam hou tegnologie en ander administratiewe verpligtinge die boer al hoe meer in die kantoor of op die telefoon en al minder in die veld. Minder tyd word dus tussen vee bestee, wat persoonlike beheer bemoeilik, fyn waarneming inperk en daartoe lei dat verliese en ondoeltreffendhede meer raak. Soos die bekende spreekwoord lui: "Ver van jou goed, naby jou skade." Dit is allermins 'n aanklag, maar wel die pynlike realiteit vir die moderne veeboer!



## ALLES IN PERSPEKTIEF

In hierdie moeilike tye is 'n mens dus genoodsaak om 'n tree terug gee en jou boerdery en bestuurspraktyke in oënskou te neem ten einde ondoeltreffendhede te probeer identifiseer. Word die beste opsies werklik benut as dit kom by aanvullende voeding? Is die huidige lekprogram optimaal vir die spesifieke plaastoestande en produksiedoelwitte, en is dit goed beplan? Waar kan waarde toegevoeg en veld- en voerbenutting verbeter word? Word beskikbare voerbronne wel volledig of goed benut? Hierdie is slegs enkele voor-beelde van vrae wat gevra kan word.

Dit is ook belangriker as ooit om van enige ondoeltreffende diere ontslae te raak en seleksiedruk op te skerp waar moontlik. Daar is altyd diere wat met dieselfde insette eenvoudig net heelwat swakker presteer! Te groot diere se onderhoudsbehoefte is byvoorbeeld hoër, wat hulle minder doeltreffend maak, terwyl te klein en smaller diere baie keer nie genoegsame rumenkapasiteit het nie, en swak produksie is dikwels die gevolg. Balans en die korrekte tipe dier vir 'n plaas se omstandighede en bestuurstelsel is daarom van kritieke belang.

## FYN WAARNEMING

Wanneer die boer dan wel in die veld en tussen die vee beweeg, moet daar doelbewus gefokus word om nie net te kyk nie, maar werklik te sien! Neem noukeurig waar wat die diere se gedrag is en probeer afleidings daarvolgens maak. Besluite wat die diere se wil in ag neem, is gewoonlik baie meer suksesvol as wanneer ons ons menslike wil op hulle afdwing. Indien diere byvoorbeeld lang tye rondom waterkrippe vertoef, maak seker dat die krippe wel voldoende watervloei lewer sodat diere kan drink en gaan wei. Stel ook vas of die watertemperatuur nie dalk te warm is weens pype wat bo die grond loop nie (of water dalk gevries is in die winter). Water uit plastiektenks is dikwels ook warmer as dié uit sementdamme. Dit kan dalk nodig wees om infrastruktuur op te gradeer deur dikker pype te installeer en/of meer kripspasie te verskaf.

Let op na vee se weidingspatrone – wei hulle rustig en lê en herkou wanneer hulle dikgevreet is, of word daar die hele kamp vol na kos aangehardloop? Storm die trop die bakkie wanneer iemand die kamp binnekom, of staan en wag hulle by die hek? Styg lekinname skielik? Dit kan alles aanduidings wees dat die beskikbare volume weiding nie voldoende is nie of verkeerde lekbakgedrag aangeleer is. Evalueer deurentyd die rumenvul van diere, asook kondisie, en maak bestuursaanpassings daarvolgens.

Visuele evaluasie van diere se mis oor 'n tydperk, veral in die geval van beeste, is 'n baie nuttige wyse om te bepaal hoe effektief die vertering van ruvoer plaasvind. Sou diere se mis harder raak en daar meer onverteerde vesel in die mis teenwoordig wees, is dit tipies 'n aanduiding dat meer proteïen aangevul kan word of dat die benutting van aanvullende proteïen nie voldoende is nie, dalk weens suboptimale rumen-beskikbare energie. Dit beteken nie ondervoeding van die dier nie, maar ondervoeding van die rumenmikrobe wat die ruvoer vir die dier moet verteer. Moet egter nie slegs afleidings maak op grond van 'n enkele misbol of slegs een dag se mis nie; doen deurgaans evaluasie, doen liggaamskondisiebepaling en neem ook waar hoe lekinnames of die weidingspatrone en gedrag van vee verander.

## PLASING VAN LEKBAKKE

Lekbakplasing is ook baie belangrik.





Waar bakke dikwels gerieflikheidshalwe naby aan waterpunte geplaas word, bring diere meer tyd daar deur, wei minder en oorbewei ook gewoonlik gedeeltes rondom die waterpunte. Dit kan versag word deur lekbakke verder van die water te plaas en die diere so as't ware weg te lok na ander dele van kampe. Dit hou ook die bykomende voordeel in dat dit help om lekinnames en porsiegrootte te reguleer, en kan as veiliger beskou word wanneer ureum-bevattende lekke verskaf word, deurdat diere nie dadelik kan water suip nie en tipies wei-wei tussen lekbakke en waterpunte beweeg.

So ook kan lekbakke strategies geplaas word om benutting van sommige dele van die kampe te verbeter, of om ongewenste graspolle (bv. suurder grasspesies) oop te trap en so aan ander, meer gewenste plantspesies die geleentheid te gee om te vestig. Dit is egter van kritieke belang om bakke nie vir te lang periodes op dieselfde plekke te laat nie, omdat dit tot totale vertrapping sal lei. Bied daarna genoeg hersteltyd aan die veld.

## EVALUEER EN WYSIG

Natuurlike veldweiding is die veeboer se grootste en belangrikste bate – die doelwit moet altyd optimale benutting wees. Dit vereis 'n goeie weidingbestuursplan, doelgemaak vir jou plaas en mikpunte, maar ook buigbaarheid in benadering namate die spesifieke seisoen of jaar afloop. Evalueer veldtoestande en beskikbare volume deurentyd en wysig die beweidingsprogram en aanvullende voeding daarvolgens. Gegewe die groot variasie in die veld se voedingsamestelling deur die loop van 'n seisoen, kan een lekmengsel eenvoudig nie heeljaar verskaf word met die verwagting dat tekorte en wanbalanse deurgaans doeltreffend reggestel sal word nie.

Dit is veral ten tye van swak winsgewendheid uiters belangrik om fondse en hulpbronne te bestee aan die korrekte diere en produksiestadiums, met 'n fokus op balans – dis daar waar die grootste wins op belegging verkry kan word. Dit geld vir die uitgroei van jong diere, asook vir vroulike diere voor en tydens dektyd, sowel as laatdragtigheid en vroeë laktasie. Teeldiere mag egter nie toegelaat word om buite die genoemde produksiestadiums onder kondisie te raak nie.

'n Goed beplande strategiese lekprogram, saamgestel deur 'n diere-voedingspesialis, is goud werd en moet bydra tot winsgewendheid. Waak teen slaafse navolging van 'n program sonder om seisoensverskille, reënvalpatrone en vee se liggaamskondisie in ag te neem. Maar so 'n program dien as 'n uitstekende grondslag vir deurlopende besluitneming.

## GESONDE LOGIKA

Uiteindelik kom veeboerderybestuur neer op die toepassing van goeie, gesonde logika. Wees versigtig om raad van enigiemand aan te neem, moenie oorhaastige besluite neem nie, en hoewel korttermyn-winsgewendheid belangrik is, moet die fokus altyd ook op medium- tot langtermyn-volhoubaarheid wees. Bogenoemde inligting is nie noodwendig nuwe nuus is nie, maar dit dien hopelik as 'n prikkel om fyner en meer doelgerig waar te neem en in moeilike tye koelkop-besluite te neem. Gebruik dus jou l(oë)gika en geniet jou boerdery!